



Uitgangspunte vir staatsoptrede in die *Institusie* van Calvyn soos vergelyk met uitgangspunte van Suid-Afrika se *Handves van Regte* (1996)

P.J. Strauss
Departement Ekklesiologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: straussp@ufs.ac.za

Abstract

Points of departure for the state in the *Institutes* of Calvin compared with points of departure of the South African *Bill of Rights* (1996)

In the last chapter of his “Institutes” the reformer John Calvin (1509-1564) concentrates on points of departure for the state and on the task of the state government. Calvin is strongly influenced by the Bible and sees the state government as being ordained by God to exercise justice in society. For him justice and fairness should be the norm for every law created by the state.

The South African “Bill of Rights” is regarded as the highest law in the country. To prevent chaos or people exercising the law wrongly, the Constitution with the “Bill of Rights” in the final instance should be interpreted by the Constitutional Court. This makes South Africa a just state or a society governed by the constitution or law.

Although Calvin, like the “Bill of Rights”, has a feeling for justice to all, he and the Bill part company on the important issue that the state should be seen as a servant of God.

Opsomming

Uitgangspunte vir staatsoptrede in die *Institusie* van Calvyn soos vergelyk met uitgangspunte van Suid-Afrika se *Handves van Regte* (1996)

In die laaste hoofstuk van sy "Institusie" gee die hervormer Johannes Calvyn (1509-1564) aandag aan die staat en die taak van die staatsowerheid. Calvyn se beskouings is sterk deur die Bybel beïnvloed. Daarom sien hy staatsregering as 'n instelling wat deur God verordineer is. Wat hom betref, moet geregtigheid en billikheid die grense van alle staatswette wees.

Die Suid-Afrikaanse "Handves van Regte" word geag die hoogste wet in die land te wees waaraan alle ander staatswette ondergeskik is. Om chaos te voorkom, of te verhoed dat mense die wet verkeerd toepas, vorm die Grondwetlike Hof die finale gesag ten opsigte van die interpretasie van die Grondwet. Dit maak van Suid-Afrika 'n regstaat.

Alhoewel Calvyn, soos ook die "Handves", almal regverdig wil behandel, loop sy beskouings met dié van die "Handves" uiteen oor die vraag of die staat 'n dienaar van God is.

1. Inleiding en probleemstelling

As medegereformeerde, medeteoloog en jarelange vriend is dit vir my 'n voorreg om aan 'n huldigingsbundel vir professor Callie Coetzee deel te neem. Soos vir talle moderne gereformeerde Afrikaners, sal 'n vergelyking van Calvyn se uitgangspunte vir staatsoptrede met uitgangspunte van die *Handves van Regte* in hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, die Grondwet van 1996, hom bes moontlik ook interesseer.

Die bekende Geneefse hervormer, Johannes Calvyn (1509-1564), wy die laaste hoofstuk van sy *Institusie of Onderwysing in die Christelike godsdiens* aan die burgerlike of staatsregering (De Jong, 1987:188). Hierin fokus hy op Bybelse vertrekpunte vir die burgerlike regering (vgl. Calvijn, s.a.:555 e.v.). Du Plessis (1977:94) noem hierdie hoofstuk "die fundamentele vertrekpunt" vir Calvyn se opvatting oor die staat of sy "regs- en staatsteorie" (Du Plessis, 1977:97).¹

1 Du Plessis (1977:101) voer aan dat hierdie hoofstuk die enigste "opsetlik sistematiese uiteensetting van Calvyn se staatsbeskouing" bied. Daarom kan dit as vertrekpunt gebruik word vir die baie brokkies wat in ander geskrifte van Calvyn voorkom.

Twee agtergrondopmerkings is hier ter sake. Reeds in die eerste uitgawe van die *Institusie* in 1536 skryf Calvyn so oorwoë oor hierdie saak dat hy dit onnodig ag om in latere uitgawes groot veranderings aan te bring. Ons kan aanvaar dat Calvyn in die *Institusie* sy groot Bybelsverantwoorde lyne oor die burgerlike owerheid trek (Balke, 1973:59). Daarby bly Calvyn in die hantering van die saak dit wat uit sy lewensbydrae blyk, naamlik 'n eksegeet en teoloog (Douma & Van der Vegt, 1978:2). Sy aanpak is nie staatsfilosofies of staatsregtelik van aard nie, maar Bybels-eties en selfs lewensbeskoulik.

'n Biograaf, Praamsma, meen Calvyn illustreer dat die beginsels van die sestiende-eeuse Reformasie 'n suurdeeg vorm vir die grondslae vir 'n lewensomvattende nuwe Christelike kultuur. Vir hom is Calvyn die man met die breë blik, 'n blik wat breër kyk as die georganiseerde kerk, maar wat ook teen elke kompromis met die Roomse Kerk of 'n onskriftuurlike kettery stry (Praamsma, s.a.:12).

Calvyn vind die kern van die rede waarom God die staat instel, in die bekende Romeine 13:4: "... die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil". 'n "Beswil" wat sedert die sondeval van die mens in die paradys onder geweldige druk is en die instelling van die staat genoodsaak het (Calvin, 1947:477-479; Calvijn, s.a.:559-568). Die stelling dat die owerheid 'n dienaar van God tot ons beswil is, word ondersteun uit die verband waarin hierdie sinsnede in Romeine 13:1, 3 en 6 voorkom. Hierin word dit bepaal dat die owerheid en sy gesag deur God beskik is, gehoorsaam moet word, die goeie moet prys en as dienaar van God sy opdrag uitvoer wanneer hy belastings hef (Calvijn, s.a.:559 e.v.).

Die skadu- of komplementerende kant van hierdie owerheidstaak, of sy taak as 'n dienaar van God, is die opdrag in Romeine 14:4 dat hy die kwade moet straf. Dit staan uitdruklik dat hy ook "hierin die dienaar van God (is) dat hy die kwaaddoener moet straf" (Calvyn, 1947:480; 1948:82).

Die onmiddellike vraag wat hierdie uitgangspunt van Calvyn in die huidige Suid-Afrika ontlok, is of so 'n vertrekpunt nog relevant in 'n land is wat daarop aanspraak maak dat hy, soos afgelei uit sy *Handves van Regte* in die Grondwet, 'n godsdienstig-neutrale staat is.² Is hierdie vertrekpunt, naamlik dat die staatsowerheid 'n dienaar

2 Vergelyk verskeie artikels van die *Handves van Regte* wat die Suid-Afrikaanse staat verplig om die vryheid van godsdienst te handhaaf en wat verhoed om enige godsdiensoortuigings op iemand af te dwing (artikel 9, 15, 18; vgl. ook Constitutional Assembly, 1997:5, 7). Vorster (2003:341) noem Suid-Afrika 'n

van God is enigsins aanvaarbaar in 'n land wat grondwetlik in die tradisie staan dat die staat spruit uit 'n verdrag tussen die meerderheid van die bevolking (Strauss, 1992:949-950)?; 'n land waarin die demokratiese meerderheid van die bevolking ten diepste die arbiter in enige saak is (Degenaar 1996:9)? Die Suid-Afrikaanse Grondwet wat die laaste sê oor die grondwet aan die howe toeken, bly immers blootgestel aan verkiesings- en parlementêre prosesse (Constitutional Assembly, 1997:17; Kleyn & Viljoen, 1998:276).

Moet so 'n owerheid steeds deur Christengelowiges in die land – hulle wat God meer gehoorsaam wil wees as die mense – gehoorsaam en eerbiedig word? Is Calvyn en sy werk by die 500e herdenking van sy geboortedag nog relevant in die huidige Suid-Afrika?; veral indien die demokratiese meerderheid – en nie die Bybel nie – op die oog af die gang van sake in hierdie land bepaal?

Die antwoorde op hierdie vrae is logieserwys afhanklik van die antwoord op die vraag na die uitgangspunte van Calvyn oor die Bybel en die staatsowerheid. Daarby moet hierdie punte vergelyk word met die relevante uitgangspunte van die Suid-Afrikaanse *Handves van Regte*.

Calvyn se beskouing van die staat is al dikwels nagevors. Du Plessis stel reeds in 1977 'n wetenskaplike publikasie saam wat uit 'n lys publikasies oor Calvyn, die staat en die reg bestaan. Hierin gee Du Plessis ook 'n opsomming van die inhoud van sekere werke (Du Plessis, 1977).

Hierdie artikel wil egter opnuut en kortliks na die *uitgangspunte* van Calvyn oor die staat en die staatsregering kyk asook sy uitgangspunte met uitgangspunte van die Suid-Afrikaanse *Handves van Regte* vergelyk. 'n Taak wat nog wag op uitvoering.³

neutrale staat wat ingevolge sy Grondwet "nie enige geloofsoortuigings op sy inwoners kan afdwing nie". Die *Handves* is egter nie ateïsties ingestel nie, omdat dit ten opsigte van godsdiens en geloof 'n sogenaamde *free exercise clause* bevat wat die positiewe gevolg het dat godsdienstige aktiwiteite in die samelewing, soos byvoorbeeld in die openbare onderwys, tot sy reg kan kom (Vorster, 2003:274-275; vgl. Constitutional Assembly, 1997:7). Dit is natuurlik 'n oop vraag hoe godsdienstig neutraal die "staatsregering" van die dag in sy politiek wil wees as President Jacob Zuma, in aanloop tot die verkiesing van 2009, aanvoer dat die regerende ANC die God van die Bybel aan sy kant het (Zuma, 2009:6).

3 Vergelyk Strauss (1998:24-25). Hierdie artikel konsentreer egter op Calvyn se uitleg spesifiek van Romeine 13:1-7 en pas dit op die breë situasie in Suid-Afrika in 1998 toe.

2. Calvyn en die staat as 'n dienaar van God

Volgens Calvyn is 'n sekere staat in die besonder of state in die algemeen deur God ingestel. Die kerk is die innerlike regering of siel en die staat met sy owerheid die burgerlike regering of liggaam van die menslike samelewing. Eersgenoemde het te make met die toekomstige, ewige lewe en die geestelike ryk van Christus (Calvijn s.a.:555-556). Laasgenoemde handel in opdrag van God en met goddelike gesag en tree in 'n sekere sin as die plaasvervanger van die Here op aarde op (Calvijn, s.a.:559). Vir Calvyn is die instelling van die staat na die sondeval 'n ordinansie van God (Calvijn, s.a.:555).

As God se stadhouers of dienaars van goddelike geregtigheid moet die regeerders van die staat – alle state – daarop konsentreer dat hulle onderdane in hulle 'n beeld van God se voorsienigheid, bewaking, goedheid en regverdigheid sien. Hulle beklee 'n heilige amp en enige oortreding aan hulle kant is onregverdig teenoor die onderdane en 'n smaad vir God. 'n Verwerping van die staatsowerheid beteken 'n verwerping van God se regering en gesag (Calvijn, s.a.:562; vgl. Du Plessis, 1977:102 se ooreenstemmende vertolking van Calvyn op hierdie punte).

Die taak van die burgerlike regering is volgens Calvyn om *billik* teenoor almal oor wie hulle regeer, te wees. So 'n regering is daar vir reg en geregtigheid in belang en tot voordeel van almal (vgl. Schippers, 1959:141). Die voorskrifte of wette van verskillende staatsowerhede kan as gevolg van verskillende landsomstandighede van mekaar verskil, solank hulle dieselfde oogmerk, naamlik billikheid, beoog. Billikheid moet die doel en grens van alle staatswette wees (Calvijn, s.a.:576; Du Plessis, 1977:105 het dieselfde gevolgtrekking).⁴

4 Du Plessis betoog dat Calvyn onderskei tussen 'n letterknegtige toepassing van die reg en die aanwending van billikheid deur die staatsregeerders. Veral waar straf ter sprake is, glo hy in die beginsels van billikheid. Hierdie beginsels korrespondeer met die sin vir regverdigheid wat, volgens Calvyn, in die hart van elke mens en daarom ook in die hart van elke heiden ingegraveer is. Vir Calvyn (Du Plessis, 1977:96, 110, 113) beskik die burgerlike regering onder meer oor regsplegende kompetensies. Die gesagsdraers in die burgerlike regering moet hulle weerhou van "onregpleging" en oor die nodige "regspreekende aanleg" beskik (Du Plessis, 1977:120-121). Du Plessis (1977:105) gebruik moderne regstaal as hy aanvoer dat Calvyn oordeel dat alle staatswette aan die eis van *billikheid as behorensmaatstaf*, moet beantwoord.

Die aanvaarding van die owerheidsamp is 'n aanvaarding van die bevoegdheid om die reg toe te pas soos God dit wil of as 'n god-gegewe opdrag (Calvijn, s.a.:583). 'n Regeerder moet 'n vader van die vaderland, 'n herder van die staatsvolk, 'n bewaker van die vrede, 'n handhawer van geregtigheid en 'n verdediger van die onskuld wees. Slegs 'n dwaas sal so 'n regering onaanvaarbaar vind (Calvijn, s.a.:585).

Wat Calvyn betref, is die staatsowerheid in sy taak belas met die toepassing van albei tafels van God se wet (Calvijn, s.a.:566). Daarom moet hy regverdig teenoor almal wees en die algemene vrede en rus bewaar, maar ook die Christelike godsdiens beskerm en die gesonde leer verdedig (Calvijn, s.a.:557). Dit kan, aldus Calvyn, omdat die hele samelewing onder God se wet staan. Die wette van die staat moet op God se wet gebaseer wees – staatswette is die senuwee van die staat (Calvijn, s.a.:574).

Juis omdat hy 'n dienaar van God tot die mens se beswil en in *belang* van almal moet wees, moet die staat sy publieke arm gebruik om die godsdiens te beskerm en die gesonde leer te verdedig. Magistrate of regeerders moet herders van hulle mense en bewaarders van reg en geregtigheid wees (vgl. Schippers, 1959:140).

3. Die staat as 'n dienaar van God en Suid-Afrika se *Handves van Regte*

Rautenbach en Malherbe (1998:8) noem die Suid-Afrikaanse *Handves van Regte* "a cornerstone of democracy in South Africa". Hierin praat hulle artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat ook die eerste artikel van die *Handves van Regte* is, woordeliks na (Constitutional Assembly, 1977:5). Dlamini (1995:123) beskryf die grondwetlike tradisie in Suid-Afrika sedert 1994 as 'n revolusionêr-nuwe tradisie waarin die vroeëre oppergesag van die parlement met dié van die Grondwet vervang is. Hy noem die *centre-piece* van die nuwe grondwetlike bedeling die moontlikheid dat 'n konstitusionele hof as hoogste hof in sake met grondwetlike implikasies, wetgewing en regspleging hersien. In hierdie proses speel die *Handves van Regte* as maatstaf 'n bepalende rol.

Toegepas op die Suid-Afrikaanse *Handves van Regte*, wil dit lyk asof daar moontlike raakvlakke tussen die uitgangspunte van Calvyn en dié van die Suid-Afrikaanse staat lê. Hierdie raakvlakke het nie te make met Calvyn se eksplisiete verbinding van die staat aan die God van die Bybel – met al die implikasies daaraan verbonde – nie, maar wel met die norm van regverdigheid teenoor almal soos albei

dit erken. Die regverdigheid vloei vir Calvyn voort uit God se wet, maar vir die *Handves* uit sy begronding wat teruggaan op die ontwikkeling van die liberale idee van menseregte opkomend uit die humanisme van veral die agtiende eeu (Vorster, 2003:116, 249).

Dit beteken kortweg dat die *Handves van Regte* vanuit 'n humanisties-individualistiese hoek verder gaan deur byvoorbeeld sekere faktore op grond waarvan nie gediskrimineer mag word nie, in sy artikel 9 op te neem. Hierdie artikel het as eerste bepaling byna 'n Calvinistiese bewoording as dit stel dat almal voor die reg gelyk is. Almal het reg op die gelyke beskerming en voordeel van die reg. Volgens die tweede bepaling sluit gelykheid die volle en gelyke genieting van alle regte in (Constitutional Assembly, 1997:5-6).

Die derde bepaling se bewoording bots op punte sterk met Calvyn. Hierin word bepaal dat almal gelyk is voor die reg. Die staat mag dus nie regstreeks of onregstreeks teen iemand “onbillik diskrimineer”⁵ op grond van ras, geslag, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, kultuur, taal, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, ensovoorts nie (Constitutional Assembly, 1997:5). Oor twee sake is die *Handves* met hierdie uitgangspunte direk in konflik met Calvyn.

Die eerste botsing is Calvyn se oortuiging dat die staat God-drieëinig as die enigste God – ook van die staat – kan en moet kies en Hom moet eer deur die eerste en tweede tafel van sy wet te erken en in sy godgegewe regstaak toe te pas (Du Plessis, 1977:103-104).⁶ Die gesag van God-drieëinig in en oor die staat mag egter volgens insigte geassosieer met die gees van die *Handves* nie deur die staat erken word nie, omdat die *Handves* – in sy begrip van die staat en staatsgesag – by implikasie van 'n godsdiens-neutrale staat uitgaan. Die Grondwet van Suid-Afrika bevat dus in sy inleidende hoofstuk 1 of aanhef geen verwysing na God of 'n god nie (Constitutional Assembly, 1997:3-4).

5 Die *Handves* maak in artikel 9 voorsiening vir billike en onbillike diskriminasie (Constitutional Assembly, 1997:5)!

6 Du Plessis (1977:104) merk dat Calvyn die tien gebooe of God se sedewet beskou as 'n “reël van ewige geregtigheid wat vir alle nasies te alle tye voorskryf hoedat hulle hul lewe volgens die wil van God kan inrig”.

Uit dieselfde agtergrond en op grond van dieselfde beginsels sal voorstanders van die Suid-Afrikaanse Grondwet ontken dat God die staat verordineer het en dat staatsgesag 'n afbeelding van God se reg en heerskappy moet wees. Dit verskil hierin prinsipieel van Calvyn se teokratiese visie en sy siening van die sestiende-eeuse Genève as 'n teokratiese verbondsgemeenskap: 'n Christelike gemeenskap van gedooptes wat hulle "direk" onder die gesag van God en sy Woord stel (Pont, 1986:36, 37, 41). Opsommend beskou die *Handves* die Suid-Afrikaanse gemeenskap bloot as 'n aantal saamgevoegde individue wat met reg op menswaardigheid, gelykheid en vryheid kan aanspraak maak (Kleyn & Viljoen, 1998:267).

Die tweede verskilpunt is dat die staat uitdruklik vir die God van die Bybel moet kies en die Christelike godsdiens daadwerklik moet ondersteun. Hierdie oortuiging bots met die *Handves*, omdat dit impliseer dat die staat met sy staatsteun op godsdiensgronde en teen artikel 9 in, diskrimineer. Voorstanders van die Grondwet sal onmiddellik aanvoer dat die staat godsdiensvryheid in die wiele ry deur staatsmag in diens van die Christelike godsdiens, as die godsdiens van net sommige staatsburgers, aan te wend.⁷

Ten opsigte van sekere moreel-etiese kwessies rondom die staat, verskaf Calvyn genoeg inligting om ons tot sekere gevolgtrekkings of antwoorde te lei.

4. Die staat as dienaar van God: enkele kwessies oor regering

Calvyn se oortuiging dat die staat en 'n sekere staatsowerheid deur die beskikking van God daar is, sny enige argument wat die oorsprong van die staat na iets anders terugvoer, by die wortel af. Resente ontwikkelings waarin daar van 'n *de facto*- of 'n *de iure*-regering gepraat word, is vreemd aan die destydse leëwêreld van hierdie hervormer.

Vir Calvyn is 'n *de facto*-regering (meer resente terminologie!) of 'n regering wat in werklikheid in beheer van 'n land is, nie 'n toevallige verskynsel nie. Dit ontstaan deur die beskikking van God en is daarom – Calvyn gebruik nie hierdie uitdrukking nie – ook *de iure* of regtens aanvaarbaar. Of die betrokke regering dit erken of nie, moet

7 Vergelyk in dié verband die debat oor die oorspronklike artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat op voetspoor van Calvyn bepaal dat die staatsowerheid 'n bepaalde godsdiens bevorder (Polman, s.a.:290 e.v.).

billikheid, of soos vir Calvin, die twee tafels van God se wet, die doel en grens van sy staatsoptrede wees. Die staatsowerheid of -regering is immers 'n geroepe dienaar van God. Vir Calvin is enige gesag daar deur die beskikking van God. Sy uitgangspunt hierin is Romeine 13 (Calvin, 1947:479-482).

Hiermee staan Calvin teenoor die liberaal-humanistiese slagspreuk in die huidige Suid-Afrika dat 'n wettige regering alleen op grond van die steun van die meerderheid van die bevolking gevorm word (vgl. Van Niekerk, 1987:11 e.v.; Degenaar, 1996:9). Calvin verbind die wettigheid van 'n regering nie aan 'n breë demokratiese proses van verteenwoordiging nie, maar aan die beskikking en voorsienigheid van God (Strauss, 1998:27).

Op dieselfde prinsipiële spoor loop Calvin se opvatting oor die staatsvorm. Hy gee nie voorkeur aan 'n sekere regerings- of staatsvorm onder alle omstandighede en te alle tye nie. Dit sou op 'n ideologies-gekleurde visie neerkom, omdat 'n bepaalde instrument vir reg en geregtigheid onder bepaalde omstandighede en in 'n bepaalde land in plaas van die norm self, dan die maatstaf word. Die huidige liberaal-demokratistiese ('n verabsoluttering van die demokrasie) ideologie wat die *Handves* ook beïnvloed, sien 'n demokratiese bestel as die enigste moontlike staatsvorm vir alle state onder alle omstandighede. In plaas daarvan dat hulle reg en billikheid as norm gebruik, gebruik hulle hierdie bepaalde staatkundige en historiese vormgewing daarvan (vgl. artikel 7 van die *Handves* in konteks vir 'n voorbeeld). Calvin wil nie die koninkryk van God aan 'n bepaalde regeringsvorm koppel en die aard en samestelling daarvan 'n *sine qua non* maak vir die uitlewing van Christelike vryheid of God se eise vir staatsoptrede nie (Du Plessis, 1977:101).

Vir Calvin is alle regerings of regeringsvorme aan die norme van billikheid en regverdigheid onderworpe. Die eiesoortige omstandighede in elke staat of staatsgemeenskap speel ook mee om te bepaal watter regeringsvorm die beste in daardie situasie sal wees. Sy ervaring leer dat 'n monargie maklik in 'n tirannie oorgaan. 'n Regering deur die "voornaamsten" (enkele belangrike mense) verval maklik in 'n regering deur net 'n groepie (oligargie), en volksregering maklik in chaos en oproer. Daarom kies Calvin vir óf 'n aristokratiese regeringsvorm waarin bekwame mense saam regeer, óf 'n verbinding van die aristokratiese met die burgerlike (in sý tyd, die meer demokratiese) regeringsvorms. Dit is beter dat meer as een regeer, omdat die sonde van die mens dit noodsaak. Meer as een mens kan mekaar help, leer en vermaan en individuele willekeur in bedwang hou (Calvin, s.a.:564; Du Plessis, 1977:103).

Dit is duidelik dat Calvyn in die destydse Europa met sy staatsvorms gewoon het en dat sy insigte vir gereformeerde kerkregering moontlik nie van hierdie beskouings geïsoleer kan word nie. Volgens hom moet kerklike regspraak en geestelike mag nie na die goeie van net een mens bedien word nie, maar deur wettige vergaderings van meer as een (Calvijn, s.a.:242).

In Suid-Afrika is daar egter geen aanduiding dat die huidige demokratiese prosesse ingepan sal word om 'n Bybelse billikheid aan almal te verseker deur demokraties na die wil van God te luister nie. Die soeklig val eerder op menslike waardes en die erkenning van die vrye meningsuiting van die mens.

Die *Handves van Regte* word in sy artikel 7 gesien as "die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid". Hierdie waardes, meer as enige iets anders, moet die regsverkeer in Suid-Afrika bepaal (Kleyn & Viljoen, 1998:267). Artikel 39 maak van die regbank die uitlegger en finale implementeerder, in geval van 'n dispuut, van die *Handves* wat as die *hoogste* reg in Suid-Afrika beskou word (Kleyn & Viljoen, 1998:276).

Die *Handves* funksioneer dus in 'n ander denkklimaat as Calvyn. Gemeet aan die maatstawwe van regverdigheid en billikheid sou Calvyn waarskynlik positiewe elemente kon vind in die idee van 'n regverdige optrede teenoor almal op die betrokke staatsgebied: burgers en nie-burgers. Maar, 'n mensgesentreerde verstaan van menswaardigheid, gelykheid en vryheid sou Calvyn dit op basis van die Skrif en in die lig van God se wet wou omvorm tot waardes wat deur diens aan God en sy Woord bepaal word. Hierdie lyn is die groot lyn waarop Calvyn en die *Handves* uiteenloop.

5. Die staat as dienaar van God: enkele kwessies oor gehoorsaamheid

Calvyn noem belastinge die wettige bron van inkomste van die *vorsten* (Calvijn, s.a.:573). Hy glo ook dat die staatsowerheid die wapen kan opneem om die land teen vyandelike invalle van buite of binnelandse oproermakers te verdedig. Daar is egter voorwaardes.

Die reg moet in alle gevalle eerbiedig word en die heil van die staatsvolk in ag geneem word. Hartstogte of 'n haastige toorn wat roep om vergelding ná aggressie van buite of haat en onversoenlikheid moenie die owerhede in so 'n stryd lei nie. As hulle besluit

om oorlog te maak of die wapen op te neem, moet dit 'n uiters noodsaaklike daad wees. Alles moet eers beproef word voordat daar na die wapen gegryp word en geen persoonlike gevoel mag die deurslag gee nie (Calvijn, s.a.:571-573; Du Plessis, 1997:104).

Calvyn is daarvan oortuig dat “ons” gehoorsaamheid aan die owerhede verskuldig is. Maar dan alleen in die Here. Dit is nie altyd maklik nie, soos die optrede van Oud-Israel toon, maar God moet altyd meer gehoorsaam word as die mense. Dit is beter om onder die owerheid te ly as om van hierdie “gebod” tot gehoorsaamheid af te wyk (Calvijn, s.a.:583-584; Du Plessis, 1997:105, 115).⁸

Dit is waarskynlik dat Calvyn in die hedendaagse Suid-Afrikaanse staat, onderworpe aan die grondwet met sy *Handves van Regte* en die huidige regering, ook sou aandrang op gehoorsaamheid aan die owerheid. Veral as hierdie owerheid op grond van sy verstaan van die Grondwet aan jou die ruimte laat om God in alles te gehoorsaam: op kerklike én nie-kerklike terreine. Ook as jy op grond van waardes soos menswaardigheid, vryheid en gelykheid ook die politieke of regsruimte ontvang om hierdie begrippe te verChristelik en sonder beperking, op grond van die vryheid van spraak, 'n politieke beleid en staatswette te bevorder wat Christelik georiënteer is en sodoende nog in die verlengde van God se omvattende sedewet lê.⁹

Dat gehoorsaamheid nie 'n passiewe houding van onderdane teenoor die staatsowerheid impliseer nie, wys Calvyn ook uit. Volgens hom moet onderdane nie laster of twisgierig wees nie, maar sagmoedig en vriendelik. Hulle moet belastings, soos gehef deur die owerheid, betaal en help met die verdediging van die land. 'n Belangrike punt is dat die onderdane vir hulle owerheid – of die nou werklik as 'n dienaar van God funksioneer of nie – moet bid (Calvijn, s.a.:573-576) Op hierdie punt is Calvyn óók aktueel in die moderne Suid-Afrika met sy worsteling dat owerheid en onderdaan saam 'n vooruitstrewende regstaat in Afrika sal vorm.

8 Voortvloeiend uit die eis vir gehoorsaamheid moet sekere deugde by die burgers aanwesig wees, soos die afwesigheid van laster en 'n twisgierigheid, sagmoedigheid en vriendelikheid. Hierdie deugde pas immers by navolgers van Christus (Du Plessis, 1977:115).

9 Vergelyk die benadering by Vorster (2003).

Regerings word in hulle regering begrens deur die wil en besluite van God. "En waarlijk, hoe verkeerd zou het zijn, dat men, om aan mensen genoegdoening te schenken, Hem zou belediging ..." Bo alles moet na God geluister word (Calvijn, s.a.:594). Dit is duidelik dat Calvyn in sy tyd te doen gehad het met 'n owerheidsmag wat gesag afgedwing het. Daarom kies hy eerder vir passiewe lyding as enige vorm van aktiewe weerstand wanneer die owerheid sy regsgrense oorskry.

Op sy beurt bevat die *Handves* 'n artikel 39 wat gedeeltelik inhoud gee aan die idee van Suid-Afrika as 'n spesifieke soort regstaat. Dit gee aan die howe die reg om te bemiddel indien die wet of die grondwet oortree word. Die handhawing van die grondwet met sy *Handves* as die hoogste reg soos toegepas deur die Grondwetlike Hof as finale gesag vir regering en onderdaan, maak van Suid-Afrika 'n soort regstaat (Constitutional Assembly, 1997:17). Nie ontevredenheid wat op volksoproer of volksoptrede uitloop nie, maar die Grondwet soos deur die howe geïnterpreteer, moet die owerheid in Suid-Afrika van Calvyn se "willekeur" weerhou. Hierdie "nuwe" Suid-Afrikaanse staatstradisie is vroeër ook in die Interimgrondwet van 1994 ingebou (Dlamini, 1995:123).

6. Slotsom

Soos in elke ander demokratiese regstaat, is die handhawing van Suid-Afrika as 'n regstaat afhanklik van die vraag of die grondwet in die harte van sy burgers leef. Die howe sal die laaste effektiewe woord spreek indien die staatsowerheid dit deur sy swaardmag beskerm en hofbevele deur sy staatsapparaat gehoorsaam en uitvoer. Boonop is die handhawing van die reg afhanklik van die howe se interpretasie van die grondwet met sy *Handves van Regte*.

Laasgenoemde is 'n moderne ontwikkeling wat, soos Calvyn, die staat nie aan die magte van demokratiese populistes en chaos wil oorgee nie. As uitgangspunt daarvoor gebruik die Suid-Afrikaanse Grondwet egter sy eie *Handves van (Mense-)Regte* en nie die twee tafels van God se wet soos die hervormer van Genève nie – 'n handves waaroor die howe beskik en wat deur die grondwetlike hof as sy troetelkind en verantwoordelikheid aanvaar moet word.

Dit is duidelik dat Calvyn in sy beskouing oor staatsvorme 'n kind van sy tyd in die Genève van sy tyd was. Tog gee hy op hierdie punt die waardevolle aanduiding dat een staatsvorm nie onder alle omstandighede die aangewese een is om regverdigheid en billikheid in state te verseker nie.

Vanuit 'n Christelike oogpunt is Calvyn se grootste bydrae sy koppeling van die staat aan die verordeninge van die lewende God. Dit impliseer egter hoegenaamd nie dat Calvyn die finale woord vanuit 'n Christelike perspektief oor die moderne staat gespreek het nie. Kritiek op aspekte van sy oortuigings toon dit onteenseglik aan. Enkele voorbeelde illustreer dié punt.

Die staat is natuurlik nie daarvoor toegerus om 'n sekere godsdiens of geloof in die godsdienstige sin van die woord te bevorder nie. Geloof en geloofsoortuigings is immers 'n saak van innerlike oortuiging, terwyl die staat uiterlike dwang as maatreël aanwend om sy besluite deur te voer. Die kerk bou op geloofsoortuigings of -belydenisse (as akkoord van kerklike gemeenskap; Smit, 1984:64) wat deur die Gees van God en die blye boodskap van die Christelike kerk bewerk word en nie deur staatsdwang moontlik gemaak word nie. Die geskiedenis van die kerk lewer genoeg bewyse hiervan op (De Jong, 1987:94-100).

Calvyn se oortuiging dat die staatsowerheid 'n bepaalde godsdiens direk moet bevorder, staan daarom haaks op sy siening van die kerk en sy regering as die innerlike regering of siel en die staatsowerheid as die burgerlike regering of liggaam van die samelewing. Staatsinmenging in die regering van die kerk lei boonop maklik tot kerklike wanpraktyke en dwaalweë. Selfs in die tyd van Calvyn het die bemoeienis van die stadsvaders van Genève vir kerklike probleme gesorg (De Jong, 1987:187-197).

Wat egter uit 'n Christelike oogpunt blyk, is dat Calvyn oor die staat steeds iets vir die huidige Suid-Afrika en sy *Handves van Regte* te sê het. Die eer van God-drieënig (Calvyn se *solī Deo gloria*; Kuiper, 1995:201) en sy lewensomvattende wet is aktueel en noodsaaklik in elke tyd en stimuleer 'n Bybelsgesonde erkenning van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Calvyn moes reeds in die sestiende eeu aandag gee aan probleme wat ook ná 2000 in Suid-Afrika voorkom.

Geraadpleegde bronne

- BALKE, W. 1973. Calvijn en de doperse radikalen. Amsterdam: Ton Bolland.
- CALVIJN, J. s.a. Institutie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. Dl. 3. Trans. by A. Sizoo. Delft: Meinema.
- CALVIN, J. 1947 [1539]. Commentaries on the epistle of Paul the apostle to the Romans. Trans. by J. Owen. Grand Rapids: Eerdmans.
- CALVIN, J. 1948. Commentaries on the catholic epistles. Trans. by J. Owen. Grand Rapids: Eerdmans.
- CONSTITUTIONAL ASSEMBLY. 1997. The constitution of the Republic of South Africa 1996. Wynberg: Hn Communications.
- DE JONG, O. 1987. Geschiedenis der kerk. Nijkerk: Callenbach.
- DEGENAAR, J. 1996. Red demokrasie in Suid-Afrika van Jakobyne en populist. *Die Volksblad*: 9, 27 Jul.
- DLAMINI, C.F.M. 1995. Human rights in Africa. Johannesburg: Butterworths.
- DOUMA, J. & VAN DER VEGT, W.H. 1978. Het gepredikte Woord. Franeker: Wever.
- DU PLESSIS, L.M. 1977. Calvyn oor die staat en die reg. 2e uitg. Potchefstroom: PU vir CHO.
- KLEYN, D. & VILJOEN, F. 1998. Beginnersgids vir regstudente. 2e uitg. Kenwyn: Juta.
- KUIPER, B.K. 1995. The church in history. Grand Rapids: Eerdmans.
- POLMAN, A.D.R. s.a. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Dl. 4. Franeker: Wever.
- PONT, A.D. 1986. Verbond en volkskerk. *Hervormde teologiese studies*, 42(1): 28-76.
- PRAAMSMA, L. s.a. Calvijn. Wageningen. Zomer & Keunings.
- RAUTENBACH, I.M. & MALHERBE, E.F.J. 1998. What does the constitution say? Pretoria: Van Schaik.
- SCHIPPERS, R. 1959. Johannes Calvijn. Kampen: Kok.
- SMIT, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- STRAUSS, P.J. 1992. Kerk, staat en politieke modelle in "Kerk en Samelewing – 1990". *Hervormde teologiese studies*, 48(3 & 4):943-956.
- STRAUSS, P.J. 1998. God's servant working for your own good: notes from modern South Africa on Calvins commentary on Romans 13:1-7 and the state. *Hervormde teologiese studies*, 54(1 & 2):24-35.
- VAN NIEKERK, A. 1987. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid. (*In* Du Toit, D.A. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid. Kaapstad: Lux Verbi.BM. p. 7-19.)
- VORSTER, N. 2003. Kerk en menseregte binne 'n regstaat. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- ZUMA, J. 2009. Aangehaal in artikel. *Die Volksblad*: 6, 24 Mrt.

Kernbegrippe:

denkklimaat van Calvyn, verskil van *Handves*

staatsowerheid: deur God gewettig en nie deur meerderheid van bevolking nie

staatsowerheid: dienaar van God

staatswette: moet billik wees

Key concepts:

government: legitimised by God and not by the majority of people

laws of the state: should be fair and reasonable

points of departure for Calvin, differ from *Bill of Rights*

state government: a servant of God

